# DIE KONINKRYK VAN GOD – 5

## Matthéüs 28:19

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

## TEMA: BOU DIE KONINKRYK

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.**

**Matt 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te wat Ek julle beveel het.**

### 1. VADER HART

Die Vader het van Sy kant af reeds vir ons alles gegee. Hy het ons mens gemaak. Hy het ons na Sy beeld geskape Hy het aan ons alles voorsien wat ons nodig het, volgens die boek Hebreërs.

- Hy het reeds ons dae beplan.
- Hy het vir ons die Woord, die Hoeksteen, die perfekte voorbeeld gegee.
- Hy het die beste, nie uit die aarde nie, maar uit Homself uit, vir ons gegee.
- Hy het vir ons die Heilige Gees gegee:
  - om ons te help om hierdie raadsplan tot vervulling te bring en
  - om alles wat Hy vir ons gegee het volgens Sy wil te gebruik.

Hy is daagliks daar sodat ons Sy raad kan volg en gelei kan word deur die Heilige Gees. Hy onderrig ons. ***Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees***. Dit is 'n volkome toesighoudende effek wat die Heilige Gees op ons het, om ons gedurig te waarsku wanneer, waar, hoe en teen wat. Ons moet, met dit wat God vir ons gegee het, doen soos wat God beplan het, voor die grondlegging van die wêreld, volgens Sy wil.

### i) Ons Lewensboek

Daardie boek is klaar geskryf. Die bou materiaal is alles klaar daar, maar hoe gebruik ons die bou materiaal? Gebruik ons dit regtig om die Koninkryk van God hier op aarde te vestig en uit te brei?

Ek het reeds vroeër gesê dat die hemel nie ons loon is nie. Onthou, God die Vader wil nie vir ons 'n tydelike loon gee nie. Het jy al daaraan gedink, as ons weggeraap word, dat ons maar net vir sewe jaar in die hemel gaan wees? Alles is dan verby! Ons kom weer terug en dan is ons loon verby! Is dit regtig die loon? Dit sou dan mos beter gewees het om vyftig, sestig of sewentig jaar in weelde te lewe hier op aarde! Dit sou dan mos beter gewees het om eerder rykdom en al daardie dinge te belewe hier

op aarde, as wat ons net sewe jaar in die hemel gaan wees en dan terugkom! Die ou hemel en die ou aarde gaan in elke geval vernietig word en wat gebeur dan met ons? Ons moet hierdie goed logies uit redeneer en 'n bietjie daaroor nadink.

### ii) Eenwording van die Bruidegom en Bruid

Die hemel is nie ons loon nie. Die Bruid word net weggeneem uit die vervloeking van die aarde, vir die heiligheid van die eenwording.

- Die Bruid en Bruidegom word wettiglik bymekaar gebring vir die verklaring deur die Vader om hulle een te maak.
- Hulle word terug gestuur aarde toe.
- Die Vader gee vir hulle die opdrag om die toekoms vir Hom te beplan, omdat die ewigheid nog nie beplan is nie. Hy lê die toekoms in die Bruid en die Bruidegom se hande.

Die Bruid, die Bruidegom en die Heilige Gees sal vir 'n duisend jaar op aarde sit, soos die Joodse tradisie dit ook doen, om te bepaal wat ons gaan maak met hierdie huwelik. Dit is hulle, wat in die lewensduur van hierdie aarde, waarvan die Bybel sê 80 jaar sal wees as ons sterk is, wat belê het in die ewige Koninkryk van God, wat dan in die ewigheid kan ingaan.

- Dit is net hulle wat betroubaar geag was, met dit wat God reeds in hul hande geplaas het, in die toets tydperk van die aarde.
- Dit is hulle wat nie vir hulself 'n koninkryk gebou het met dit wat God in hul hande geplaas het nie.
- Dit is hulle wat nie skatte bymekaar gemaak het waar mot en roes dit kan verniel nie.

## 2. NUWE JERUSALEM

God die Vader sal kom en die ewigheid oorhandig aan die Bruid en Bruidegom. Ons sal dan eers die waarde besef van dit waarmee ons betroubaar was hier op aarde. Dit sal dan in die ewigheid belê word.

- Ek en jy is eintlik die verlenging, die uitbreiding van die Koninkryk van die hemele wat moet terugkom aarde toe.

***Onthou, ons was nooit vir die hemel bestem nie, ons was vir die aarde bestem***. Wanneer die ou hemel en die ou aarde tot niet gemaak word, sal ons terugkom aarde toe.

- Hierdie koninkryk, wat in ons is, sal dan 'n Koninkryk van die Ewigheid word. Dit is wanneer die ewigheid aan ons oorhandig word. Ons sal die Koninkryk van God wees, nie van die hemele nie, maar van God.
- Nou is daar geen beperkings nie. Ek dink dit is waarom die Bybel praat van die nuwe stad Jerusalem. Ek weet nie of dit fisies of geestelik gaan wees nie. Hy praat van 1500 myl X 1500 myl X 1500 myl. Ek en jy het nie 'n idee hoe hoog is 1500 myl nie. Die groot vliegtuie vlieg maar 10 km hoog, nou waar lê 1500 myl hier van af? Dit is hoër as wat die satelliete trek. Dit is waar die nuwe stad Jerusalem gaan wees. Ek dink wat God vir ons probeer bepaal het, is dat daar geen grense of beperkings is nie. Dit is vêr buitekant wat ek en jy ook kan dink of bid. Jerusalem is die stad sonder mure. (**Nota: 1 500 myl = 2 414km**)

Wat ek probeer sê oor daardie skrif gedeelte ***laat u koninkryk kom*** is dat die Koninkryk van die hemel in Christus Jesus gekom het. Dit het die Koninkryk van God geword op aarde. Hy het vir ons die perfekte Bousteen geword. Hy het vir ons die waterpasse kom lê. Hy het vir ons die voorbeeld kom stel. Hy het vir ons die regte replika kom lê.

-o0o-

## 3. BOU DIE KONINKRYK

**Matt 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

Hy het gesê dat Hy hier is, maar gaan ***leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het***.

Julle het die Heilige Gees wat julle perfek sal lei. Julle het reeds alles klaar ontvang. Gaan bou nou die Koninkryk van God sodat die mense Hom kan sien. Die koninkryk van die vlees en die koninkryk van die duisternis is net tydelike koninkryke. Dit kan nie werk nie.

- Die enigste koninkryk wat die ewigheid kan ingaan, is die Koninkryk van God, so gaan bou en word deel daarvan. Alles is alreeds aan jou toevertrou.

Gaan vervul daardie boek. Moet nie meer doen as wat jy veronderstel is om te doen nie. Daar is reeds 'n boek oor jou lewe geskryf sodat die wil van God, soos wat dit in die hemele opgeskryf is, hier op aarde sal funksioneer. Laat die Heilige Gees self met jou werk. Bou 'n verhouding met Hom in jou binnekamer, dan sal jy presies weet.

Christus het die berg opgegaan en elke keer in afsondering gaan bid. Hy het die wil van die Vader geken en presies geweet. Hy het nie oor elke dingetjie soos, "*Vader moet ek hierdie man genees?"* gaan bid nie. Christus het die wil van die Vader gedoen en het geweet waarom Hy aarde toe gekom het. Hy het presies geweet, inteendeel, Hy het dit al lank voor die tyd vir die dissipels uitgelê. Hy het geweet wat die Vader se raadsplan vir Hom was.

Dit is hoe ek en jy ook die Vader se raadsplan vir ons lewens moet ken. Ek moet dit ken vir my huwelik, my huis, my kinders se lewe, vir alles. Ek moet presies weet wat is God se wil vir elkeen. Net die pa in die huisgesin, net die koning, kan dit by die Here hoor.

### i) Boustene

My vraag vandag aan jou is: is jy regtig 'n bousteen in hierdie ewige raadsplan?

- Ek en jy is die Koninkryk van God hier op aarde.
- Ons moet hierdie Koninkryk ewigheid toe vat.

Die voorbeeld is vir ons gegee. Ons is toegerus. Is ek en jy regtig besig om in die Koninkryk van God op die aarde te bou om hierdie Koninkryk ewigheid toe te vat? Christus het klaar gedoen. Die Heilige Gees is daar om ons te help, maar ek en jy is die boustene in hierdie nuwe Jerusalem, in hierdie plan van God. Waar staan jy vandag? Kan jy nou sien waarom die Bybel sê, dat die wat nie die wil van die Vader doen nie, nie die Koninkryk van die hemele sal sien nie?

**Mat 7:21** Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is

- Dit is net die Bruid wat die wil van die Vader doen en haar skeppingsdoel uitlewe. Dit is net die Bruid wat daardie boek oor haar lewe uitlewe, wat die vervulling is van haar doel op aarde, sodat sy die boustene kan word om anderkant toe te gaan.

### ii) God se Gees

Perry Stone het 'n fantastiese lering waarmee ek heeltemal saamstem. Ek was baie beïndruk daarmee toe ek dit gelees het.

-o0o-

Hy sê toe God alles gemaak het, het Hy gees oorgehad. Dit was gees wat veronderstel was om mense te word, net soos ek en jy gees was voor die grondlegging van die wêreld en in ons geboortejaar vlees geword het. Ons het in die wêreld gekom in 'n vleeslike vorm, *maar eintlik was ons gees voor die grondlegging van die wêreld.*

Wie, volgens Perry Stone, is daardie gees wat God oorgehad het?

Hy reken dat dit manne is, wie se bloedlyne uitgewis is deur satan, soos Abel en ander mense wat doodgemaak is. Dit is manne en vroue wat uit hulle bloedlyne moes voort gevloei het, want hy praat van hulle nageslag wat reeds in hulle lendene ingeplant is. Daar is alreeds nageslag in hulle lendene ingeplant, maar satan kom en hy maak so 'n man dood. Was dit God se plan gewees? Nee, dit was nie! Wat word dan nou van daardie gees wat, sê nou maar, deur Abel se bloedlyn veronderstel was om mens te word? Daardie gees is nog steeds in die hemel.

- Onthou, God is nie verbind met gees nie, Hy is verbind met die mens.

Perry Stone glo dat in die hiernamaals, in die ewigheid, gaan die Bruid en die Bruidegom daardie gees omsit in verheerlikte wesens. Hulle het nooit die kans gehad om mense op aarde te wees nie. Hulle kan nie gees bly nie, want daar is nie meer plek vir gees nie, so dit moet verheerlik word. Hy glo dat daardie gees deur die Bruid en die Bruidegom omgesit of getransformeer gaan word in verheerlikte wesens, sodat hulle ook 'n geleentheid kan kry wat ons het. Hulle sal nooit mens wees nie, maar hulle sal verheerlikte wesens wees. Ek kan honderd persent saamstem met dit.

## 4. <u>SELFONDERSOEK</u>

Nou vra ek weer vir jou. Is jy reg? Is jy op die regte pad? Is jy op die regte plek? Is jy in die regte proses wat God vir jou gestel het?

*"Laat U Koninkryk kom in my lewe. Laat U wil geskied in my lewe en laat ek sal doen wat God wil hê ek moet doen, met dit wat Hy in my hande geplaas het (Hebreërs. 13:20) om volgens Sy verbond te lewe, om dit wat Hy vir my gegee het te gebruik, want die Koninkryk van God is nie 'n Koninkryk van spys en drank nie, maar is 'n Koninkryk van vrede en blydskap.*

*Here gee vir my daardie Koninkryk. Help vir my, Heilige Gees, om hierdie koninkryk waarvoor ek geroep is, waarvan ek deel is, as ek nie deel is nie, Here maak my deel, maar Here as ek deel is, help vir my om alles te doen met dit wat U in my hande geplaas het, sodat die Koninkryk van God groter en groter kan word, terwyl ons bou op hierdie aarde Here sodat wanneer U kom is U bruid gereed, is U tempel gereed en alles reg"*.

Die Here seën almal van julle. Ek glo ons het baie hieruit geput. Ek het ook baie hieruit geleer en die Here het selfs dinge aan my geopenbaar. Mag die vrede en die heerlikheid van die Here met elkeen van julle wees.

Mooi dag verder.

-o0o-